

***DIE
LEWENDE KERK
VAN GOD***

**AMPTELIKE VERKLARING
VAN
FUNDAMENTELE GELOOFSTELLINGS**

SFBA Uitgawe 1.3, Junie 2004
Vir verdere inligting, kontak:

**Lewende Kerk van God
Privaatsak X7
Hatfield, Pretoria 0028**

Telefoon: (058) 622 1424
Faks: (058) 623 1303
E-pos: info@coql.org

Webblad: www.lcg.org

Amptelike Verklaring van Fundamentele Geloofstellings

Die Lewende Kerk van God baseer haar geloofstellings op die Bybel, die geïnspireerde Woord van God. Ons beleid, leerstellings, gebruike en tradisies is gegrond in die Worldwide Church of God onder leiding van mnr. Herbert W. Armstrong, wat in 1952 vir Roderick C. Meredith (ons Voorsittende Evangelis) as een van die organisasie se eerste evangeliste ingeseën het.

Die Heilige Skrif sê dat ons moet “toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus” (2 Pet. 3:18). Binne hierdie Bybelse mandaat en gelei deur die Heilige Gees, het die Voorsittende Evangelis en die Raad van Ouderlinge van die Lewende Kerk van God, die verantwoordelikheid om leerstellings te verduidelik en tot stand te bring, soos uiteengesit in hierdie *Amptelike Verklaring van Fundamentele Geloofstellings*.

DIE KERK, HAAR NAAM EN HAAR MISSIE

Die Bybelnaam van die ware kerk is “die Gemeente [Kerk] van God”. God noem dinge vir wat hulle is. Die *naam* word duidelik in *twaalf* gevalle in die Nuwe Testament aangegee in die enkel- en meervoudsvorms – insluitend Hand. 20:28; 1 Kor. 1:2; 10:32; 11:16 en 1 Tim. 3:15.

Die Lewende Kerk van God, met haar kerklike wêreldhoofkwartier in die Verenigde State van Amerika, het lidmate in lande regoor die wêreld en vervul ’n drieledige roeping: 1. Om die ware Evangelie van die Koninkryk van God (Mark. 1:14; Matt. 24:14; Eseg. 3 en 33) en die naam van Jesus Christus (Hand. 8:12) as ’n getuie aan die hele wêreld te verkondig. 2. Om die kudde te versorg en om plaaslike kerkgemeentes te organiseer om sodoende te voorsien in die geestelike en materiële behoeftes van ons lidmate, soos wat God dit moontlik maak (1 Pet. 5:1-4; Joh. 21:15-18). 3. Om die

profesieë vir die eindtyd te verkondig en die Engelssprekende nasies en **die hele wêreld** te waarsku teen die toekomstige Groot Verdrukking (Matt. 24:21).

DIE BYBEL

Die Bybel is die geïnspireerde openbaring vanaf God aan die mensdom. Dit is die ware basis van alle Kerkleerstellings (Matt. 4:4; 2 Tim. 3:16). Ons glo dat die Bybel onfeilbaar is in die oorspronklike manuskripte en dat dit die gesaghebbende grondslag vir alle ware kennis is (Joh. 17:17).

WIE EN WAT IS GOD?

Die “Godheid” bestaan uit die Vader en die Seun. Daar is een God (1 Kor. 8:4; Deut. 6:4). Die Skrif toon dat God ’n goddelike Familie is wat met twee begin het, God die Vader en die Woord (Gen. 1:26; Ef. 2:19; 3:15; Heb. 2:10-11).

God is Gees en is Ewiglewend:

Die Vader is die Opperwese in die Godheid. Jesus Christus het gesê dat Hy gestuur was om die Vader te openbaar (Matt. 11:27; Joh. 1:18; 17:24-26) en Hy erken dat Sy Vader groter is as Hy (Joh. 10:29; 14:28).

Die Seun, Jesus Christus, is die “Woord” (Gr. *Logos*), deur wie die Vader alle dinge geskep het (Joh. 1:1-3), die “eniggebore Seun” van die Vader (Joh. 1:14, 18; 3:16, 18), en die Verlosser van die hele mensdom (1 Joh. 4:14). Hy het vir ons sondes gesterf en is uit die dood opgewek sodat ons van die ewige dood gered kan word (Hand. 4:10-12). Hy sit nou aan die Vader se regterhand en tree op as ons Hoëpriester en as die Lewende Hoof van die Kerk (Ef. 1:22-23; Heb. 4:14-16).

DIE HEILIGE GEES

God is Gees. Die Heilige Gees is die werklike kern, die verstand, lewe en krag van God. Dit is *nie* ’n Wese nie. Die Gees is eie aan die Vader en die Seun en vloei uit Hulle uit dwarsdeur die ganse heelal (1 Kon. 8:27; Ps. 139:7). Dit is deur die Gees dat God alle dinge geskep het (Gen. 1:1-2; Op. 4:11). Dit is die krag waardeur Christus die heelal onderhou (Heb. 1:2-3). Dit word gegee aan diegene wat berou tot bekering vir hul sondes het en gedoop word (Hand. 2:38-39) en is die krag (Hand. 1:8; 2 Tim. 1:6-7) waarvolgens alle gelowiges “oorwinnaars” kan wees (Rom. 8:37; Op. 2:26-27) en tot ewige lewe gelei word.

DIE EVANGELIE

Die Evangelie van Christus is die “Goeie Nuus” van vergifnis vir ons sondes deur Christus se offer en van die Koninkryk en regering van God wat binnekort kom. Die Evangelie van Christus openbaar die wyse waarvolgens God ons laat kwalifiseer om regerende lede van Sy Koninkryk te wees

(Hand. 2:38-39; Mark. 1:14-15; Matt. 24:14; Hand. 8:12; 17:7; 28:30-31; Op. 2:26-27).

REDDING

Redding is ’n geskenk van God weens Sy genade deur geloof in Jesus Christus (Tit. 3:5; 2 Kor. 2:15; Rom. 5:10). Nadat ons bekeer het en gedoop is, spreek God ons vry van ons vorige sondes. Ons begin dan met ’n voortdurende proses om “gered te word” soos wat ons groei in die genade en kennis van Christus (2 Pet. 3:18). Ons redding sal volkome word met die opstanding (1 Kor. 15:50-54). Deur die Bybelse Feeste en Sabbatte te onderhou, bekom ons dieper insig van God se plan van redding en van die stappe wat ons as Christene moet neem tot volkome saligmaking.

Stappe tot redding:

Geloof in Christus

Die *eerste* belangrike stap tot redding is om totale *geloof* te ontwikkel in God en in Christus se offer (Heb. 6:1; 11:6). Petrus het gesê: “Laat elkeen van julle gedoop word in die *Naam van Jesus Christus* tot vergewing van sondes” (Hand. 2:36-38).

Bekering

’n Lewensbelangrike stap tot redding is *bekering van sonde* – berou dat ons God se wet oortree (1 Joh. 3:4). Met die Nuwe-Testamentiese Kerk se begin, is Petrus geïnspireer om dié opdrag te gee: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word ...” (Hand. 2:38). Aangesien elke mens gesondig het (Rom. 3:23) en die loon van die sonde die dood is (Rom. 6:23), moet elke sondaar ophou om God se wet te verbreek en gewillig wees om sy Skepper te gehoorsaam deur Christus wat in hom lewe (Gal. 2:20).

Doop deur onderdompeling

Wanneer God ons *roep* en ons tot *bekering* bring en ons *Christus aanvaar* as ons persoonlike Here en Verlosser, is die volgende lewensbelangrike stap

om in water *gedoop te word*. 'n Persoon moet *gedoop* word (Hand. 2:38; 8:35-39; 9:1-18) as 'n teken van algehele oorgawe aan God en 'n gewilligheid om die ou self te begrawe (Rom. 6:3-6).

Ontvang God se genade

Redding is die gevolg van die toepassing van *beide* God se “wet” en Sy “genade” (Gr. *charis*). “Want uit **genade** is julle gered, deur die *geloof*, en dit nie uit julleself nie: dit [**daardie geloof**] is die *gawe van God*; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie” (Ef. 2:8-9)! Ons word “geregverdig ... in sy [Christus se] bloed” en word “met God *versoen* ... deur die dood van Sy Seun, [maar] ons [sal] *deur Sy lewe gered word*” (Rom. 5:9-10).

Met sy doop gaan die Christen 'n “nuwe verbond” met God aan (Matt. 26:28). Die *nuwe verbond* skaf *nie* God se wet af nie. God skryf Sy wette in ons harte en ons verstand (Heb. 8:8-10). Wanneer 'n persoon gedoop word, gaan hy of sy 'n *plegtige* verbond met God aan dat hy of sy, met die hulp van die Heilige Gees, vanaf daardie dag Sy gebooie sal onderhou en 'n goddelike lewe sal lei! Dit is Christus wat eintlik Sy gehoorsame lewe binne-in ons lei deur die Heilige Gees. Die apostel Paulus was geïnspireer om te skryf: “Ek is met Christus gekruisig, en *ék* leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Gal. 2:20).

Ontvang God se Heilige Gees

Wanneer ons *berou tot bekering het*, *Jesus aanvaar en gedoop word*, vergewe God ons ons sondes (Hand. 2:38; verwys Ps. 103:3, 10-13). As ons werklik die sonde wil oorwin, moet ons God se “krag van bo” ontvang (Luk. 24:49). Deur God se dinamiese Gees kan ons Sy gebooie onderhou. Volgens die Nuwe-Testamentiese lering is die Heilige Gees gegee deur die *oplegging van die hande van Christus se Apostels*,

of ouderlinge (Hand. 8:17; 9:17; 19:6; 2 Tim. 1:6).

Beoefen “lewende” geloof

Volgens die Woord van God is geloof van kernbelang vir redding, aangesien dit een van die fundamentele leerstellings van die Bybel is (Heb. 6:1). “En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag” (Heb. 11:6). Lewende geloof behels *om te doen wat God sê, om Hom te gehoorsaam!* “Geloof sonder die werke [is] *dood*” (Jak. 2:20).

Groei in die “genade en kennis van God”

Na *bekering, die aanvaarding van Christus, doop en die ontvangs van die Heilige Gees tydens die oplegging van hande* (Hand. 8:17-18), moet die pas gedoopte en nuut verwekte kind van God aanhou “toeneem in die genade en kennis van onse Here” (2 Pet. 3:18). “Verheerliking” – om onsterflikheid te ontvang – is die finale stap in die saligmakingsproses (1 Kor. 15:53). Die mens se uiteindelijke saligmaking vind plaas met sy *verheerliking* in God se Koninkryk (Ef. 5:27; Fil. 3:21; 2 Tim. 2:10).

JAARLIKSE FEESTE BEELD GOD SE MEESTERPLAN VAN REDDING UIT

God se jaarlikse Feeste word gelys in Levitikus 23 en Deuteronomium 16. Dit was 'n opdrag dat hierdie Godgegewe Heilige Dae “vir ewig” onderhou moet word (Lev. 23:14, 21, 31, 41). Die Kerk van die Apostels het die Jaarlikse Sabbatte onderhou (Hand. 2; 12:3-4; 18:21; 20:6, 16; 27:9; 1 Kor. 16:8). Hierdie Sabbatte sal steeds onderhou word gedurende Christus se duisendjarige heerskappy (Sag. 14:1, 9, 16-19).

God se jaarlikse Feeste dui op die sewe beslissende stappe in Sy plan van redding:

- 1. Die Pasga** dui op die offerande van Jesus Christus, die “Lam van God” (Joh. 1:29, 36; Op. 5:6) wat vir ons geoffer is (1 Kor. 5:7). Jesus het die

Nuwe Testamentiese Pasga ingestel met brood en wyn as simbole (1 Kor. 11:23-26).

2. Die Sewe Dae van Ongesuurde Brood dui op die reiniging van 'n gelowige se lewe van die suurdeeg van ondeug en boosheid en om deel te hê aan God se natuur, die "ongesuurde brode van reinheid en waarheid" (1 Kor. 5:6-13; Luk. 12:1).

3. Die Fees van Eerstelinge (Pinkster) dui op die klein oes van "verwekte" volgelingen van Christus wat geoes sal word tydens die "eerste opstanding" (Op. 20:3-4) "as eerstelinge" (Jak. 1:18).

4. Die Fees van Trompette (Basuine) wys profeties vooruit na Jesus Christus se wederkoms (Matt. 24:31; 1 Kor. 15:52; 1 Thess. 4:13-17; Op. 11:15-18; 19:15; Sag. 14:9).

5. Die Dag van Verootmoediging (Versoendag) beeld die verbanning van Satan en die tyd van die mens se "eenwording" met God uit (Lev. 16:8, 10, 15-27; Op. 20:1-3).

6. Die Huttefees dui op die toekomstige wonderlike wêreld onder die heerskappy van Jesus Christus en Sy heiliges (Sag. 14; Matt. 9:37-38; 13:1-30; Luk. 12:32; Joh. 7:6-14; Hand. 17:31; Op. 12:9; 20:4-6).

7. Die Fees van die Laaste Groot Dag dui op die groot oordeel wat sal plaasvind teen die einde van Jesus Christus se 1,000-jarige heerskappy op aarde (Joh. 7:37; Lev. 23:36, 39, 33-34; Op. 20:11-12).

DIE WET VAN GOD

God se basiese *geestelike Wet* word opgesom in die "Tien Gebooie" (Ex. 20:1-17; Deut. 4:13; 10:4). In die Bergpredikasie en op ander plekke *vervul* Jesus die wet van God (Mattheus hoofstukke 5-7; Jes. 42:21) en wys

Sy volgelingen daarop dat hulle beide die *letter* en die "gees" van die Wet moet gehoorsaam. "Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed" (Rom. 7:12). Dit is die *praktiese uitlewing* van hierdie lewenswyse – deur Christus wat binne-in ons lewe (Gal. 2:20) – wat van 'n mens 'n ware "heilige" maak (Op. 14:12).

GOD SE SABBAT

Die Woord van God openbaar dat "die *sewende dag* ... die Sabbat van die HERE" is (Ex. 20:10; Deut. 5:14). Dit moet onderhou word vanaf sonder Vrydag tot sonder Saterdag. Dit is God se "teken" tussen Hom en Sy getroue volgelingen – dit verwys na God se "rus" en herinner ons dat Hy die Skepper is. Dit beeld die millennium uit – die toekomstige duisendjarige "rus" wanneer Christus terugkeer aarde toe as Koning van konings (Heb. 4:1-4; Op. 20:4-6). Jesus Christus, die Apostels en die Kerk in die eerste eeu het altyd God se Sabbat onderhou soos deur Hom beveel (Luk. 4:16; Hand. 17:2) en dit sal onderhou word deur "alle vlees" tydens Christus se toekomstige duisendjarige heerskappy op die aarde (Jes. 66:23).

SONDE – EN DIE GEVOLGE DAARVAN

"Want die sonde is wetteloosheid" (1 Joh. 3:4). Die Nuwe Afrikaanse Vertaling sê: "Sonde is immers oortreding van die wet van God". "Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God" (Rom. 3:23), en "die loon [beloning] van die sonde is die dood" (Rom. 6:23).

DIE EERSTE DOOD

Die dood is die natuurlike "beëindiging van lewe" (Gen. 2:17; Eseg. 18:4). "Soos hulle almal in Adam sterwe" (1 Kor. 15:22). 'Soos die mense bestem is om *een maal* te sterwe" (Heb. 9:27). Nadat hulle die "eerste dood" ervaar het, sal *alle mense* opgewek word terug na die lewe. Die Bybel onthul dat alle

mense, uiteindelik, uit die dood opgewek sal word (Joh. 5:28; 1 Kor. 15:22).

DIE TWEEDE DOOD

Die “tweede dood” is die ewige dood – totale uitwissing. Diegene wat die tweede dood ondervind, sal nooit weer enige bewussyn herwin nie (Mal. 4:1; Matt. 10:28; 25:46). Die tweede dood is inderdaad *algehele vernietiging* (Op. 20:14-15). “Want as ons opsetlik sondig” nadat ons God se waarheid ontvang het, dan is daar geen vergifnis vir sulke opsetlike sonde nie (Heb. 6:4-8; 10:26-31).

BETEKENIS VAN “WEDERGEBORE”

Met ’n *fisiiese menslike geboorte* moet daar eers “verwekking” wees (deur die man), en “bevrugting” (deur die vrou). Met ’n *geestelike geboorte* moet daar eers ’n geestelike *verwekking en bevrugting* wees. Dan, ná ’n tydperk van “geestelike swangerskap” of geestelike groei (2 Pet. 3:18), sal ware Christene eendag ’n letterlike geestelike “geboorte” ondervind en daardeur *onsterflike* kinders van God word. Ons sal letterlik wedergebore word tydens die opstanding soos wat Christus Self wedergebore was, “en na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode” (Rom. 1:4).

GOD SE REGERINGSVORM IN DIE KERK

Die Vader is die Oppergesag en Sy Seun Jesus Christus is onder Hom in rang en gesag (Joh. 14:28). “En God [die Vader] die hoof [leier] van Christus” (1 Kor. 11:3), en “Christus ook **Hoof** van die gemeente [Kerk]” (Ef. 5:23). God regeer met liefde en volg deurgaans hierdie patroon in Sy Kerk. Onder die Vader en onder Sy Seun is “[1] apostels [2] profete [3] evangeliste [4] herders en [5] leraars” (Ef. 4:11). God se manier van regeer was nog altyd, *regering van bo na onder* (Ex. 18:21-26).

Jesus het “Dienende Leierskap” geleer deur Sy Woord en praktiese daade (Matt. 20:25-28). Hy het gesê: “Julle weet dat die owerstes van die [Heidense] nasies oor hulle heers en die groot manne oor hulle gesag uitoefen; maar só moet dit onder julle nie wees nie; maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as ’n losprys vir baie”.

KERKGESKIEDENIS

Die Lewende Kerk van God speur haar geskiedenis na vanaf die Kerk van die Apostels in die Boek Handeling (die Efesiese era) tot die huidige. Die boodskap aan die sewe Gemeentes (Kerke) in Openbaring twee en drie toon opeenvolgend die geskiedenis van die ware Kerk vanaf daardie tyd vorentoe. Daardie sewe Gemeentes beskryf die opvolgende eras, of periodes, van God se Kerk. Ons glo dat die Filadelfiese era in die 1930’s begin het en dat ons ’n voortsetting van die Filadelfiese era is.

TIENDES

God is die *Skepper* van alles wat bestaan (Op. 4:11). As *Here* van die heelal, het Hy eienaarskap van en beheer oor Sy hele skepping (Hand. 17:24-29). Jesus Christus het gesê dat mense tiendes “behoort” te gee (Matt. 23:23). Die Bybel toon dat “al die tiendes ... behoort aan die HERE” (Lev. 27:30). Lank voordat die Ou Verbond gesluit is, het Abraham – “die vader van die getroues” – tiendes aan God se verteenwoordiger betaal (Gen. 14:20). Deur tiendes te betaal, dien Christene vir God in die sin dat hulle die verkondiging van die Evangelie ondersteun, Sy Feeste bywoon en die Kerk en die behoeftiges versorg.

OMSKRYWING VAN DIE HUWELIK

Die huwelik is ’n verbond tussen ’n man en ’n vrou. Aangesien God ons *manlik* en *vroulik*

gemaak het, is Hy die Skepper van die huwelik. Die huwelik is tiperend van die verhouding tussen Christus en die Kerk (Ef. 5:22-33). Met enkele Godgegewe uitsonderings (Matt. 19:8; 1 Kor. 7) is die huwelik tussen Christene bindend tot die dood toe (Matt. 19:3-9).

OORKOM RASSEVOORORDEEL

God se Woord beveel die ganse mensdom om hul naaste lief te hê soos hulself (Lev. 19:18; Matt. 22:39; Hand. 17:24-28). God onthul dat redding vrylik aangebied word aan beide Jode en Heidene (Hand. 10:34-35; Rom. 10:12-13; verwys Joël 2:32). Ons glo dat liefde en diep respek betoon moet word aan mense van alle etniese groepe (Rom. 13:10).

AFSONDERING VAN DIE WÊRELD

Die Bybel leer dat Satan die duiwel die ganse wêreld verlei (mislei) het (Op. 12:9), dat dit nodig is vir God se mense om hulle af te sonder van die wêreld se leerstelsels (Joh. 15:19; Op. 18:4).

Hierdie afsondering beteken dat diegene wat deur God geroep word 'n ander lewenswyse sal volg en dat ons in werklikheid Ambassadeurs van God se regering is (Ef. 6:20; 1 Pet. 2:9-10). Histories gesproke, het die Kerk van God haar lede geleer om nie deel te hê in sekulêre juries of wêreldse politiek nie.

MILITÊRE DIENS EN OORLOG

Die Lewende Kerk van God volg die lering van Jesus en Sy Apostels. Jesus het gesê: "Maar Ek sê vir julle wat luister: 'Julle moet jul vyande liefhê en goed doen aan die wat vir julle haat. Seën die wat vir julle vervloek, en bid vir die wat julle beledig. Aan hom wat jou op die wang slaan, moet jy ook die ander een aanbied; en aan hom wat jou bo-kleed neem, moet jy ook die onderkleed nie weier nie'" (Luk. 6:27-29). Jesus se broer, die apostel Jakobus, het voortgegaan om Jesus se

boodskap oor geweld en oorlog te onderrig (Jak. 4:1-10).

Die Kerk van God het histories gesproke militêre diens as onaanvaarbare optrede vir lidmate beskou. Die geskiedenis bewys dat lidmate van die Kerk van God sedert die Amerikaanse Revolusie tot en met die twee Wêreldoorloë asook in latere polisie-optrede deurgaans beginselbesware gehandhaaf het teen militêre deelname.

GODDELIKE GENESING

Genesing is een van die "geestelike gawes" (1 Kor. 12:1, 9). Een van God se Hebreeuse name is *Yahweh Ropheka* wat beteken, die *Ewiglewende wat genees*. Die Here is 'n Grote God "wat al jou ongeregtheid vergewe, wat al jou krankhede genees" (Ps. 103:3; 1 Pet. 2:24). "Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag" (Jak. 5:14-16).

Die Lewende Kerk van God volg hierdie direkte Bybelse opdrag. Ons glo dat God vandag genees in ooreenstemming met 'n persoon se geloof en God se wil in elke spesifieke geval.

GOD SE GESONDHEIDSWETTE MET BETREKKING TOT VLEIS

Genesis 7:1-2, Levitikus 11 en Deuteronomium 14 lys God se bevele aangaande die voedsel wat God as "rein" (eetbaar) en "onrein" (oneetbaar) geskape het. Lank na die kruisiging het Petrus erken dat hierdie wet steeds bindend was (Hand. 10:14). Buitendien, ná sy visioen van die laken met onrein diere het Petrus uitgeroep: "God het my getoon dat ek geen mens

onheilig of onrein mag noem nie” (Hand. 10: 28).

OORSPRONG VAN MODERNE ISRAELIETE

Een van die *belangrikste sleutels* om profesieë te verstaan, is om die ware *Bybelse oorsprong* van die Jode en die “verlore” tien stamme van Israel te identifiseer – asook die Noordwes-Europese lande waar hul nageslagte gevestig is.

Die Anglo-Amerikaanse nasies is die besitters van die *geboortereg beloftes* en gepaardgaande *seëninge* van Abraham se afstammeling deur sy kleinseun Josef. God se Woord openbaar dat Jakob se nageslag deur Josef oorval sal word deur ’n tyd van groot probleme – ’n tyd wat as “Jakob se benoudheid” bekend staan – omdat hulle die Skepper, wat aan hulle die grootste nasionale seëninge in die mens se geskiedenis gegee het, nie geëer het nie (Jer. 30:4-7; Matt. 24:21; Dan. 12:1).

DIE “GROOT VERDRUKKING”

Die Bybel praat van ’n katastrofiese tyd bekend as die “Groot Verdrukking” (Matt. 24:21-22; Dan. 11:40-45; 12:1; Luk. 21:20-36) – wat ook “Jakob se benoudheid” genoem word (Jer. 30:3-7). Jesus Christus sal Self daardie verskriklike dae moet verkort, anders “sou geen vlees gered word nie” (Matt. 24:22). Ons glo dat ons daardie tyd nou vinnig nader.

DIE “DAG VAN DIE HERE”

Die Dag van die Here, wat op meer as 30 plekke in die Bybel genoem word, sal ’n tyd wees van God se *ingryping* in die mens se sake hier op aarde, wanneer Hy die inwoners van die aarde sal straf vir hul skaamtelose sondes (Joël 1:14-20; 2:1-32; 3:9-17).

Volgens Mattheus 24:29-31 sal daar *tekens* in die hemel wees: “die son [sal] verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie,

en die sterre sal van die hemel val” net *ná* die verdrukking en *voor* die Dag van die Here. God het gesê: ‘Ek sal wondertekens gee aan die hemel en op die aarde ... Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, *voordat* die groot en deurlugtige dag van die HERE kom” (Joël 2:30-31).

CHRISTUS SE WEDERKOMS

Jesus het Sy dissipels in Mattheus 24 *tien keer* plegtig belowe dat Hy beslis “sal terugkeer” na die aarde (ook Joh. 14:3). Hy het gesê dat “verdrukking” die koms van die Seun van die mens sal *voorafgaan* (Matt. 24:29-30). Sy wederkoms, met ’n “harde trompetgeluid” (vers 31), sal gebeur wanneer die “*sewende basuin*” weerklink (Op. 11:15). Daardie trompet word ook die “laaste trompet” genoem (1 Kor. 15:52; 1 Thess. 4:13-18). Dit is die “eerste opstanding,” en diegene wat deel is van hiërdie opstanding sal met Christus op aarde regeer vir ’n “duisend jaar lank” (Op. 5:9-10; 20:4, 6).

DIE “MILLENNIUM”

Ou- en Nuwe-Testamentiese profete het ’n wonderlike tyd van vrede vooruit gesien op die aarde (Jes. 2; 9; 11:6-9; 14:7; Jer. 31; Miga 4; Sag. 8:20-23; 14; Mal. 4; Hand. 3:19-20; Op. 20:4-6). Die Millennium – die duisendjarige heerskappy van Jesus Christus en Sy heiliges – is daardie tyd.

DIE “LAASTE OORDEEL”

Daar word *drie* groot periodes van oordeel in die Bybel genoem:

1. Die *Kerkperiode*, waartydens God slegs Sy eie mense oordeel – diegene wat Hy uit die wêreld in Sy Kerk ingeroep het (1 Pet. 4:17).
2. Die *Millenniumperiode*, waartydens al die nasies vir ’n duisend jaar lank blootgestel sal word aan Christus se waarheid en aan Sy wonderlike lewenswyse (Jes. 11:9; Op. 20:2-6).

3. Die “Laaste Oordeel” periode (ook bekend as die “Groot Wit Troon Oordeel”), wanneer almal wat nog ooit gelewe het – wat in sonde gesterf het, *sonder kennis* van God se waarheid en Sy lewenswyse – opgewek sal word tot ’n fisiese lewe en die Woord van God vir hulle verstaanbaar gemaak sal word (Op. 20:11-14; Matt. 10:15; 11:20-24; 12:41-42; Eseg. 37:1-14).

DIE MENS SE OORSPRONG, ONGELOOFLIKE POTENSIAAL EN UITEINDELIKE LOTSBESTEMMING

God het die mens “uit die stof van die aarde” geskape (Gen. 2:7). Die mens is gemaak na die *beeld* en *gelykenis* van God (Gen. 1:26; verwys 5:3); en is ook ’n tipe Goddelike verstand en emosies gegee. God het ook beplan dat diegene wat bekeer van hulle sondes en gedoop word God se Gees sal ontvang (Hand. 2:38-39; Joh. 3:16). Met Christus se wederkoms sal almal wat bekeer het gedurende hierdie lewe, of hulle dood is of lewe, *onsterflikheid* ontvang – gebore as

volle “kinders van God, omdat hulle kinders van die opstanding is” (Luk. 20:36).

“Salig is die *sagmoediges*, want hulle sal die *aarde* beërwe” (Matt. 5:5; verwys Ps. 37:9, 11, 22, 29, 34). ‘Hy wat oorwin, sal alles [die heelaal] beërwe” (Op. 21:7).

Volgens al die profesieë en beloftes in die Bybel sal God se “eersteling” (diegene wat in hierdie periode geroep word) beloon word met ’n plek of posisie van *heerskappy* in God se Koninkryk (Joh. 14:1-3; Op. 3:21; 20:4-6), reg hier *op hierdie aarde* (Op. 2:26-27; 5:10; Dan. 2:44). Die ware heiliges sal *volle* kinders van God word – “kinders van die opstanding” (Luk. 20:36). Dit is God se doel om Homself te reproduseer en dat diegene wat uiteindelik bekeer, volle lede van die Godfamilie word, onder die gesag van die Vader en die Seun (1 Joh. 3:1-3). Hulle sal deel hê in die Goddelike heerlijkheid van die opstanding. Jesus het gebid: “En Ek het hulle die heerlijkheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het” (Joh. 17:22-23).